



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PUNTE	
--------------	--

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2013 GRAAD 4 AFRIKAANS HUISTAAL TOETS

PUNTE: 50

TYD: 1½ UUR

PROVINSIE _____

STREEK _____

DISTRIK _____

NAAM VAN SKOOL _____

OBIS-NOMMER (9 syfers)

--	--	--	--	--	--	--	--	--

KLAS (bv. 4A) _____

VAN _____

NAAM _____

GESLAG (✓)

SEUN	
-------------	--

DOGTER	
---------------	--

GEBOORTEDATUM

C	C	Y	Y	M	M	D	D
---	---	---	---	---	---	---	---

Hierdie toets bestaan uit 12 bladsye, die voorblad uitgesluit.

Instruksies aan die leerder

1. Lees al die instruksies noukeurig deur.
2. Beantwoord al die vrae in die spasies wat voorsien word.
3. Die onderwyser(es) sal jou deur die oefenvoorbeelde lei voordat jy met die toets begin.
4. Die toets duur 1½ uur.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Oefenvoorbeelde

1. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Wat gee koeie vir ons?

A kaas

B botter

C melk

D roomys

Jy het die vraag korrek beantwoord as jy die letter **C** omkring het.

2. Nommer die onderstaande sinne 1–4 in die blokkies, om die volgorde waarin Marie haar soggens gereed maak vir die skooldag aan te dui.

Marie skrik wakker en spring uit die bed.	
---	--

Nou is sy gereed om skool toe te gaan.	
--	--

Sy bad en trek haar skoolklere aan.	
-------------------------------------	--

Sy kom betyds by die skool aan.	
---------------------------------	--

Jy het die vraag korrek beantwoord as die blokkies so genommer is: 1; 3; 2; 4.

Die toets begin op die volgende bladsy.

AFDELING A: BEGRIPSTOETS

Lees die teks hieronder en beantwoord dan vraag 1–10.



Om vriende te maak

'n Nuwe dogter het een koue, reënerige Maandagoggend by die Graad 4–klas aangesluit. Sy was kleiner as haar klasmaats, alhoewel sy tien jaar oud was, soos die meeste van hulle. Mev. Smit, die klasonderwyser, het haar gedurende die Wiskundeles voorgestel, terwyl Tiaan met sy tafels gesukkel het. "Klas, dit is Karen. Sy is nou deel van ons klas," het sy gesê.

Tiaan het na die nuwe dogter gesit en staar. Hy het opgemerk hoe pragtig sy was. Sy het groot, treurige oë, 'n klein neusie, en 'n diep kuiltjie gehad. Sy het senuweeagtig voorgekom, net soos 'n klein verskrikte hasie.

Tiaan se ma het hom later daardie middag gevra om eiers na hul buurvrou, mev. Pienaar, te neem. Haar kleindogter het by haar gewoon omdat sy geen ander familie gehad het om vir haar te sorg nie.

Karen het die deur oopgemaak toe Tiaan aan mev. Pienaar se deur geklop het. Hy was so skaam toe hy haar sien dat hy die mandjie met die eiers sommer in haar hande gestop het. Hy het vinnig weggehardloop sonder om 'n woord te sê.

Die volgende oggend het Tiaan vroeg opgestaan en vir Karen buite haar huis gewag. Van daardie dag af het hulle daaglik saam skool toe gestap. Eendag, op pad skool toe, het Tiaan vir Karen gevra wat met haar ouers gebeur het.

Sy het hom vertel dat hulle albei VIGS gehad het en albei oorlede is. "Ek mis hulle verskriklik! By my vorige skool wou die ander kinders glad nie met my speel nie. Hulle het gesê dat ek siek en vuil was en dat ek my behoort te skaam oor my ouers. Ek het so hartseer en alleen gevoel dat ek ook wou doodgaan," het Karen gesê.

Tiaan kon hom nie voorstel wat hy sou doen as sy ma sou sterf of as hy geen vriende gehad het om mee te speel nie. Hy het besef hoe eensaam Karen was en het besluit om altyd haar beste vriend te wees en haar te ondersteun.



[Verwerk en vertaal uit "Sad Mandy finds a friend" in Headstart: Oxford]

1. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Watter woorde beskryf Karen die beste?

A kort met groot oë, 'n klein neusie en 'n diep kuiltjie

B lank met klein oë, vet neus en 'n diep kuiltjie

C kort met groot oë, 'n ronde neus en 'n diep kuiltjie

D lank met groot oë, 'n klein neusie en 'n diep kuiltjie (1)

2. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

2.1 Waar het Tiaan vir Karen die eerste keer gesien?

A op die sportveld

B in die klaskamer

C in die hoenderhok

D by die kliniek (1)

2.2 Wanneer het Karen by die Graad 4-klas aangesluit?

A een koue, winderige Maandagmiddag

B een warm, winderige Maandagoggend

C een koue, reënerige Maandagoggend

D een warm, sonnige Maandagmiddag (1)

3. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Hoe het Tiaan oor Karen se ouers uitgevind?

A Hy het haar ouma, mev. Pienaar, gevra.

B Hy het sy ma oor Karen se ouers gevra.

C Hy het Karen gevra wat met haar ouers gebeur het.

D Hy het inligting oor haar in haar leerderprofiel gekry. (1)

4. Skryf jou antwoord in 'n volsin.
Hoe het jy gevoel toe jy hierdie verhaal gelees het? Gee 'n rede vir jou antwoord.

_____ (2)
5. Skryf jou antwoord in 'n volsin.
Hoekom het Tiaan van mev. Pienaar se huis af weggehardloop toe hy vir haar eiers geneem het?

_____ (1)
6. Skryf jou antwoord in 'n volsin.
Hoe het die gedrag van die kinders by Karen se ou skool haar laat voel?


_____ (1)
7. Skryf jou antwoord in 'n volsin.
Watter les het jy uit die storie geleer?

_____ (1)
8. Soek 'n woord uit die teks wat 'n sinoniem (dieselfde betekenis) vir aantreklik is.
_____ (1)
9. Soek 'n woord uit die teks wat 'n antoniem (woord met die teenoorgestelde betekenis) vir gelukkig is.
_____ (1)
10. Soek **een** woord uit die teks wat dieselfde beteken as: elke dag.
_____ (1)

Lees die inligtingsteks hieronder en beantwoord vraag 11-15.

OPPIE KOFFIE RESTAURANT

SPYSKAART



Ontbyt (slegs voor 12:30)



Wors, eiers en skyfies.....	R23,00
Vrugte en joghurt	R12,00
Geroosterde kaastoebroodjie.....	R9,99

Middagete (bedien slegs na 12:30)

Kerriemaalvleis en rys	R30,00
Gebakte vis en skyfies	R20,00
Hoenderburger en skyfies	R25,00
Stampmielies en boontjies	R15,00

Spyskaart vir kinders (onder 12 jaar)

Visvingers en skyfies.....	R13,00
Jellie en vla	R10,00



11. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

11.1 Watter gereg op die spyskaart kan nie na 12:30 bestel word nie?

- A Kerriemaalvleis en rys
- B Stampmielies en boontjies
- C Wors, eiers en skyfies
- D Gebakte vis en skyfies

(1)

- 11.2 Watter gereg op die spyskaart is die goedkoopste?
- A Stampmielies en boontjies
 - B Vrugte en joghurt
 - C Geroosterde kaastoebroodjie
 - D Kerriemaalvleis en rys (1)
12. Watter tipe inligtingsteks word hier gebruik?
- A Inhoudsopgawe
 - B Advertensie
 - C Tabel
 - D Spyskaart (1)
13. Watter item op die oggendspyskaart sluit 'n suiwelprodukt in?
- A Vrugte en joghurt
 - B Roosterbrood
 - C Kerriemaalvleis
 - D Visvingers (1)
14. Skryf jou antwoord in 'n volsin.
- Wat noem ons die eerste maaltyd van die dag?
- _____ (1)
15. Skryf jou antwoord in 'n volsin.
- Waarom, dink jy, is daar 'n spesiale spyskaart vir kinders?
- _____
- _____ (1)

16. Die sinne hieronder vertel jou hoe om 'n boek by die biblioteek uit te neem.
Nommer die sinne 1–4 in die blokkies om die volgorde aan te dui waarin jy 'n boek van die biblioteek sal leen.

Neem jou boeke terug voor of op die datum wat op die datumblad gestempel is.

Voltooi 'n aansoekvorm met al jou besonderhede om 'n biblioteekkaart te kry.

Kies 'n maksimum van drie boeke van jou keuse.

Gaan na die toonbank om jou boeke te laat skandeer en te stempel.

(2)

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B: TAALSTRUKTUUR

17. Skryf die sinne hieronder oor en gebruik die korrekte lees- en skryftekens.

het sarie eiers melk en brood by die winkel gekoop

(2)

18. Skryf die volgende sinne oor in die korrekte tydsvorme:

- 18.1 Skryf die volgende sin in die Verlede Tyd oor.

Mev. Pienaar bak 'n koek.

(1)

- 18.2 Skryf die volgende sin in die Toekomstige Tyd oor.

Tiaan het vir Karen gewag.

(1)

- 18.3 Skryf die volgende sin in die Teenwoordige Tyd oor.

Die kinders het elke dag skool toe geloop.

(1)

19. Skryf die meervoudsvorm (baie) van die onderstreepte woord in die onderstaande sinne.
- 19.1 Daar is veertig kind in Tiaan se klas.
_____ (1)
- 19.2 Daar is baie blaar onder die boom.
_____ (1)
20. Vorm 'n byvoeglike naamwoord (beskrywende woord) van die woord tussen hakies.
Die hond is baie (gevaar).
_____ (1)
21. Gee die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord tussen hakies (trappe van vergelyking).
Jan is die (fluks) seun in die klas.
_____ (1)
22. Vorm 'n bywoord van die woord tussen hakies.
Die onderwyser praat (sag) met die nuwe meisie.
_____ (1)
23. Voltooi die onderstaande sin en voeg die korrekte voorsetsel in.
Mev. Pienaar is kwaad _____ die stout kind. (1)
24. Omkring die letter van die korrekte werkwoord om die sin korrek te voltooi.
- 24.1 Vuyo ... 'n toets skryf.
- A sal
- B is
- C gaan
- D word (1)

24.2 Die kinders by die skool ... hulle tafels leer.

A was

B sal

C is

D het

(1)

25. Omkring die letter van die korrekte antwoord om die onderstaande sinne te voltooi.

25.1 Tiaan het eiers vir mev. Pienaar geneem ... hulle nie kos gehad het nie.

A omdat

B alhoewel

C sodat

D tog het

(1)

25.2 Karen was hartseer en eensaam by die skool, ... sy het nie gekla nie.

A terwyl

B totdat

C vandat

D maar

(1)

TOTAAL AFDELING B: 15

AFDELING C: SKRYFWERK

26. Lees die paragraaf hieronder en voltooi dan die tabel deur die inligting van die paragraaf te gebruik.



Natalie du Toit is op 29 Januarie 1984 in Kaapstad, Suid-Afrika gebore. Haar bynaam is Noodle. Toe sy sewentien was, het 'n motor per ongeluk in haar vasgery, terwyl sy op haar motorfiets (bromponie) gery het. Ongelukkig moes haar linkerbeen onder haar knie afgesit word. Daarna het Natalie 'n Suid-Afrikaanse heldin geword, wat haar land by baie swembyeenkomste verteenwoordig het. Haar suksesvolle loopbaan het na die Olimpiese Spele en Paralimpiese Spele van 2012 in Londen geëindig.

	KOLOM A	KOLOM B	
26.1	Wie is die hoofkarakter in hierdie paragraaf?		(1)
26.2	Wat is haar bynaam?		(1)
26.3	Wanneer is sy gebore?		(1)
26.4	Waarom is haar linkerbeen afgesit?		(1)
26.5	Waar is die 2012 Olimpiese Spele gehou?		(1)

Punttoekenning vir vraag 27

Verwys na memorandum vir riglyne vir punttoekenning.

VRAAG	KRITERIA	PUNT	LEERDER SE PUNT
27.1	Struktuur	2	
27.2	Inhoud	4	
27.3	Taal	4	
TOTAAL		10	